



Nederduitse Gereformeerde Kerk Pretoria-Oos

Volledige pligstaat (Sluitingsdatum vir aansoeke: 19 Mei 2023)

VAKATURE: Orrelis vir die Ooskerk

Die Ooskerk (NG Kerk Pretoria-Oos) se kerkraad nooi kandidate uit om by ons gemeente aansoek te doen vir die vakature van orrelis.

Die Ooskerk is 'n stadsgemeente in Clydesdale/Sunnyside, Pretoria. Die gemeente is nie gekoppel aan 'n spesifieke bedieningsarea nie en het lidmate oor die hele stad (en deesdae, danksy aanlyndienste, die wêreld!). Ons heg groot waarde aan spanwerk en 'n gasvrye gemeenskap. Musiek in die eredienste is vir ons uiters belangrik. Ons bedieningstyl en spiritualiteit kan met die volgende woorde opgesom word: klassiek-kontemporêr, eietyds, kontemplatief, eerlik oor die uitdagings van die lewe.

Huidiglik is die gemeente besig met 'n proses om 'n nuwe orrel te installeer. Die vorige orrel is reeds vroeër in April verwyder en na beraming sal die nuwe orrel eers in November weer in werking wees. Intussentyd gaan die eredienste voort en wil die gemeente graag 'n aanstelling maak met die oog daarop om ook die gemeente in die tussentyd te begelei.

Van 'n kandidaat vir die pos van orrelis word die volgende verwag:

Pligte van die orrelis:

1. Die kandidaat moet ten volle gekwalifiseer wees vir kerkorrelspel met 'n minimum van 'n BMus-graad (hoofvak: orrel). Vaardigheid in die begeleiding van gemeentesang is 'n vereiste, en sal prakties geëvalueer word. Verdere vereistes is die verwerking van musiek vir ander instrumente en vaardighede met digitale bladmusiek (byvoorbeeld Sibelius sagteware).



Nederduitse Gereformeerde Kerk Pretoria-Oos

2. Die orrelis neem as leier van die musiekspan volledig verantwoordelikheid vir die uitvoering en beplanning van die gemeente se musiek en is daarom verantwoordelik vir die vlot verloop en inkleding van die totale musiekbediening (uitgesluit Gesinsdienste en Laudate-dienste) in die gemeente.
3. Die orrelis moet bereid wees om 'n uitmuntende standaard van klassieke musiek, saam met ander musikante daar te stel. (Die Ooskerk gee voorkeur aan ander hoë standaard musikante wat deelnemende lidmate van die gemeente is, as deel van die musiekspan).
4. Die orrelis se hoofsaak is die begeleiding van gemeentesang tydens 'n weeklikse oggenddiens (op die orrel) en aanddiens (op die digitale klavier).
5. Die orrelis moet bereid wees om deel te wees van weeklikse aanlyn eredienste, waartydens die musiek en gemeentesang lewendig gestroom word.
6. Die orrelis moet bereid wees om in te skakel as 'n volledige en meelewende lidmaat van die Ooskerk.
7. Die orrelis moet hulself vergewis van die teologiese vertrekpunte van die Ooskerk (in gesprek met die leraars) en gepaste musiek kies en uitvoer.
8. Die orrelis moet bereid wees om in 'n span met die leraars, gemeentepersoneel en ander musikante saam te werk.
9. Die orrelis moet bereid wees om klavier te speel vir dienste wat dit musikaal vereis.
10. Die orrelis is verantwoordelik vir orrel- of klavierspel by alle kalenderdienste van die gemeente, Kersdiens, Paasweekdienste, Pinksterdienste en Oujaarsdiens. Sommige van hierdie dienste mag ekstra voorbereiding verg, soos om die jaarlikse Kerssangdiens te reël, in te oefen en aan te bied.



Nederduitse Gereformeerde Kerk Pretoria-Oos

11. Die orrelis is verantwoordelik om gereeld, in samewerking met die leraars, nuwe liedere te selekteer en vir die gemeente aan te leer. Hierdie liedere moet teologies gepas wees en inpas binne die gemeente se styl en spiritualiteit.
12. Begrafnisse en huwelike is nie by die ooreenkoms ingesluit nie. Die orrelis kan dit dus doen indien hul wil, teen ekstra vergoeding.
13. Die orrelis is verantwoordelik om 'n gereelde vergadering saam met die leraars by te woon om oor die eredienste, die musiek, liturgie en teologie van die gemeente te reflekteer.
14. Die orrelis is ook verantwoordelik om ander instrumentaliste te reël asook om voorsangers te reël en om hulle te begelei in die wyse waarop voorsang aangebied word (volgens die behoefte en aard van die eredienste).
15. Gereelde kontak met die ondersteuningspan en multimedia- en klankpersoon by die erediens word verwag.
16. Die orrelis is die kurator van die orrel en is verantwoordelik om toe sien dat die orrel op gereelde basis gediens, herstel en in stand gehou word. Die orrelis is ook verantwoordelik om AFI (diensgroep vir administrasie, finansies en infrastruktuur) in kennis te stel van enige probleme, gebreke of veranderinge van die orrel en om in samewerking met AFI die sake te hanteer.
17. Die orrelis bly die verantwoordelike persoon vir die orrel, ook wanneer hul nie self by huwelike of begrafnisse speel nie, en alle toegang tot die orrel moet met die orrelis self gereël word. In hierdie opsig moet die orrelis die kommissies van die kerkraad adviseer ten opsigte van beleidsbesluite rakende die orrel.
18. Die orrelis moet oop wees vir die moontlike daarstel van 'n koor of sanggroep binne die gemeente wat tydens kerklike feesdienste kan optree. Die musikale beplanning hiervoor word deur die musiekspan, onder leiding van die orrelis, gedoen.



Nederduitse Gereformeerde Kerk Pretoria-Oos

19. Indien die orrelis vir welke rede nie beskikbaar is nie of 'n af-naweek neem, moet die orrelis voortydig die datums met die gemeente se leraars ooreenkom en reëlings tref sodat begeleidingsverpligtinge nagekom word. Hierdie aflos musikante moet van hoë musikale kwaliteit wees.

Ooreenkoms en Vergoeding:

Die orrelis word nie aangestel as werknemer van die Ooskerk nie, maar as onafhanklike kontrakteur. 'n Formele ooreenkoms sal met die suksesvolle kandidaat gesluit word by aanstelling wat al die regte en verpligtinge van die orrelis bevat.

Vergoeding sal met die kandidaat onderhandel word. SAKOV-salarisskale sal as riglyn dien.

Beide partye (die gemeente en die orrelis) kry 'n drie-maande tydperk om te besin of die orrelis goed tuiskom binne die gemeente se bedieningstyl. Beide partye is daarop geregtig om, na afloop van die eerste drie maande, die ooreenkoms met twee weke kennisgewing en sonder enige nagevolge vir die partye te beëindig.

Beskikbaarheid en af-naweke:

Met inagneming van die vereistes in punt 19 gestel, moet die orrelis 'n minimum van 48 naweke per jaar die ooreengekome diens lewer en mag vier naweke per jaar met behoud van hul normale vergoeding afneem. Indien meer naweke, in oorleg met die leraars, af geneem word, sal dit sonder vergoeding wees. Die gemeente sal die vergoeding vir aflos-orreliste, na oorweging van die SAKOV skale, vasstel en betaal.

Navrae: Dr. Marina Strydom marina@ooskerk.com (Kerkraad Voorsitter)



Nederduitse Gereformeerde Kerk Pretoria-Oos

Stuur u aansoek wat aan die hand van vereistes op die volledige pligtestaat (beskikbaar by www.ooskerk.com/orrelis) opgestel is, met 'n kort CV en 'n bevestiging dat die volledige pligtestaat op die webwerf gelees is, na info@ooskerk.com.

Sluitingsdatum vir aansoeke: 19 Mei 2023

Die suksesvolle kandidaat se dienstermyn begin DV op 18 Junie 2023.

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.